

# Nuusbrief
## Algehele Jaarvergadering (AJV) 2026
## Terugvoer
# Ndaba voetslaanklub

Goeie dag

**NDABA FAMILIE!!**







Wat 'n voorreg was dit nie om weer as klub bymekaar te kom vir ons **Algehele Jaarvergadering 2026, wat van 16 tot 18 Januarie 2026 by die pragtige Weaver Roost Resort in die Magaliesburg aangebied is nie.**

Hierdie AJV het die vorm van 'n kampnaweek aangeneem.



**'n Perfekte kombinasie van stap, samesyn, belangrike besluite en sommer net lekker kuier.**

# Saterdag se Verrigtinge

## 17 Januarie 2026

**Die Saterdagoggend het begin soos net Ndaba dit ken – met 'n dagstap in die asemrowende natuurskoon van die Magaliesburg.**


Die bewolkte weer was 'n groot seën en het gesorg vir ideale stapomstandighede sonder die skerp hitte. Na die stap het almal rustig reggemaak vir die AJV wat om 11:00 afgeskop het.


















# Algehele Jaarvergadering

Die vergadering is professioneel en met groot entoesiasme gelei deur ons Voorsitter, Anel Rykaart. Daar is verskeie belangrike sake bespreek, asook opwindende vooruitkyke gedeel vir die nuwe stapjaar.

## Die agenda en besluite was soos volg:

### Ledegeld 2026

Ledegeld vir 2026 is vasgestel op R220 per persoon per jaar.

### Klagte en Versoekvorm

**Die klagte- en versoekvorm is bespreek.**
**Lede word sterk aangemoedig om:**

- Stapversoeke in te dien sodat die bestuur 'n lekker en gebalanseerde 2027-stapprogram kan saamstel.
- Klagtes of bekommernisse deur te gee sodat die bestuur bewus kan wees van lede se ervarings en moontlike oplossings kan ondersoek.

## BAIE BELANGRIK!

## Aanlyn Besprekings en WhatsApp Groepe!

Hierdie punt is breedvoerig bespreek en die volgende is bevestig:

**"Dit is baie belangrik om die WhatsApp-groep van n spesifieke roete so vroeg as moontlik te verlaat indien jy nie meer wil deel neem nie!** Wanneer jy deel is van 'n WhatsApp-groep vir 'n spesifieke roete, aanvaar ons dat jy van voorneme is om die roete saam te stap. Sodra die bespreking bevestig word, sal almal op die groep in kennis gestel word. **Indien jy op daardie stadium steeds deel is van die groep, sal jy aanspreeklik wees vir betaling, selfs al besluit jy later om nie saam te gaan nie.** Indien jy nie meer wil deelneem nie, versoek ons dat jy die groep betyds verlaat!"


Daar was reeds gevalle waar lede onttrek het nadat besprekings en kostes afgehandel is, wat finansiële verliese vir die klub veroorsaak het. Ons vra dus almal se samewerking om dit in die toekoms te voorkom.

**BAIE BELANGRIK!**

# ☑ Nominasies en Stemreg

Daar is besluit dat slegs geregistreerde Ndaba Voetslaanklub-lede mag nomineer en stem vir bestuurslede.Verdere besonderhede en wysigings sal binnekort aan alle lede gekommunikeer word.

# Roetes en Stapprogram 2026




- Die 2026-stapprogram sal noukeurig bygewerk en aan lede beskikbaar gestel word.
- Dit sal op die Ndaba Voetslaanklub Community WhatsApp-Groep gedeel word asook op die Ndaba Voetslaanklub se webblad geplaas word.

Klik hier om toegang tot die 2026 Stapprogram te kry.







# ONTMOET NDABA SE BESTUURSLEDE VIR 2026

Ndaba Voetslaanklub se bestuurslede neem die verantwoordelikheid om te verseker dat die organisasie se doelwitte bereik word en dat die operasionele prosesse glad verloop.




**Anel Rykaart**
Voorsitter



**Stephen Waller**
Ondervoorsitter
en Dagstappe



**Judith van Schalkwyk**
Tesourie




**Monique Byleveld**
Stap en
Roetebesprekings



**Barnabi Enslin**
Statistiek



**Rentia Booysen**
Sekretaresse




**Alicia Swanepoel**
Media

## Baie dankie vir julle bereidwilligheid om julle persoonlike tyd aan Ndaba af te staan. Julle bydrae word raakgesien en opreg waardeer.





# Foto van die Jaar 2025

## Clifford Adendorff

Foto inligting Sessie

**Baie geluk aan ons wenner van die Stap Foto van die Jaar!** Jou foto vang die ware gees van Ndaba Voetslaanklub perfek vas!

**Die wenfoto en alle ander inskrywings word gebruik om Ndaba se webblad 'n vars voorkoms vir 2026 te gee.**

Gaan besoek gerus die webblad en sien hoe julle stapavonture lewe kry!

Nuweling van die

# Jaar 2025

## Charmaine Leydekkers



Vasbyter van die

# Jaar 2025

## Serenity Waller



Lid van die

# Jaar 2025

## Monique Byleveld



Meeste km Dames

**2025**

# Monique Byleveld

419km




Meeste km Mans

**2025**

# Franz Mostert

274km






# Boodskap van Bestuur aan alle lede...

Elke roete begin met 'n enkele tree,
'n pad wat roep al weet jy nie hoe ver nie.

Grond onder voete,
son teen die gesig,
en stilte wat sag jou gedagtes lig.

Die bult leer jou asem tel,
die klip leer jou waar jy staan.

Soms gly jy,
soms staan jy stil,

## maar elke tree vat jou nader aan verstaan...

Op die roete is daar nie haastigheid nie,
net ritme, sweet en tyd.

Die wêreld word eenvoudiger,
en jy raak jouself weer kwyt... en vind.

Wanneer bene moeg raak en asem swaar,
is daar 'n hand, 'n woord, 'n gebaar.

Want staproetes lei nie net oor land nie,
hulle loop ook diep binne jou in.

En bo, waar die uitsig wag,
weet jy: elke moeilike tree het sin.

Na afloop van die vergadering het almal heerlik saam gekuier – gebraai, geswem, supertube en sommer net die naweek geniet. Die aand is afgesluit met nog 'n gesellige braai en lekker saamwees.

**Die AJV 2026 was 'n groot sukses en 'n ongelooflik lekker samekoms. Baie dankie aan elke lid wat deel was van die naweek – julle maak Ndaba besonders.**

**Ons nooi alle lede uit om volgende jaar weer saam te kom en deel te wees van hierdie spesiale ervaring.Ndaba is nie net 'n stapklub nie – ons is 'n familie.**

Groete
Ndaba Voetslaanklub – Bestuur 2026





